

Maandag

Hand. 2: 22-39; 2 Kor.11: 21- 12:4 en 9b; Rom. 8: 31-39. Teks 2 Kor.12: 9b “Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.” In die openbare belydenis van ons geloof is dit belangrik om te weet oor wie bely ons ons geloof en waarom bely ons ons geloof. Ons bely ons geloof in wie Jesus Christus is en oor wat Hy doen. Ons doen nie ’n openbare belydenis van wie ons is en wat ons doen nie. ’n Openbare vertelling van wie ons geestelik is en wat ons geestelik doen, is nie volgens die Woord van God ’n geloofsbelydenis nie. Die verskil tussen wat ’n openbare getuienis oor Christus is en wat ’n vertelling van jou eie geestelik is, en wat die waarde daarvan is, sien ons in die kontras tussen Hand. 2: 22- 39 en 2 Kor. 11 – 12: 9. In Handeling se weergawe van die preek van Petrus kry ons die eerste openbare getuienis en openbare geloofsbelydenis oor Jesus Christus deur die apostels. In 2 Kor. 11-12 kry ons die openbare vertelling van mense oor hulle eie geestelikheid: wie hulle geestelik is en wat hulle alles vir God geestelik doen. Paulus noem hierdie openbare vertelling van jou eie geestelikheid “roem” en “dwaasheid”. Dit is nie maar net nog ’n ander manier om vir die Here te getuig nie. Dit is gewoon net godsdienstige nonsens om sulke openbare vertellings oor jou self aan ander mense voor te hou. Openbare geloofsbelydenis is soos in Handeling 2 die geloofsbelydenis oor wie Jesus Christus is en wat Hy doen. Preek beskikbaar by Google by ngkerklewubu.co.za ds. Petrus

Dinsdag

Hand. 2: 22-39; 2 Kor.11: 21- 12:4 en 9b; Rom. 8: 31-39. Die apostel Petrus se preek in Hand.2: 22-39 is die eerste Christelike bekeringspreek van die kerk. (Hand 2: 38) en wys ons hoe Christelike bekeringspreke moet wees. Dit klink só! Jesus is ’n mens wat met kragtige dade geopenbaar het dat Hy ook self God is; Jesus het vir ons sonde gely, was gekruisig, het gesterf, uit die dood uit opgestaan, opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God om vir ons die Gees te gee wat ons insluit in wat Hy vir ons is en gedoen het. Só vergeef Jesus ons deur Christus en Here vir ons te wees. En daar is die hele bekeringspreek klaar! Petrus preek nie oor homself: hoe hy die Here eers verloën het, gehuil het, jammer oor sy verloëning was en toe besluit het om Jesus se volgeling te wees nie. Hy preek ook nie vir die mense hoe sleg hulle is en hoe goed hulle kan wees as hulle besluit om Jesus te volg nie. Die preek gaan nie oor wie mense is en wat hulle doen nie. Dit is ’n getuienis. Dit gaan oor wie Jesus is en wat Hy doen om ons heilig en regverdig vir God te maak. Daarom wys die vraag: “Wat moet ons doen, broers?” dat hulle nou verslae staan voor ’n preek wat hulle nie sleg sê en dwing om beloftes vir God te maak oor hoe goed en liefdevol hulle sal wees nie. Die bekeringsoproep van die Christelike Kerk is om weg te draai van al hulle vorige jammerwees, goedwees, liefwees en ondergeskik aan God wees, en hulle na Christus toe te draai! Die Christelike bekering is om te glo in wie Jesus as Here is en wat Hy as Here vir jou doen. Dit is die inhoud van die Christelike openbare geloofsbelydenis: wie is Christus en wat doen Hy. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za ds. Petrus

Woensdag

Hand. 2: 22-39; 2 Kor.11: 21- 12:4 en 9b; Die tipe bekeringsprediking waaraan ons al gewoond geraak het in die NG Kerk noem Paulus in 2 Korintiërs 11 en 12 “dwaasheid”, dit beteken afgodsdienste of godsdienstige nonsens. In hierdie 2 hoofstukke wys Paulus dat hy net soveel godsdienstige nonsens kan praat as die tipe bekeringspredikers wat hy “valse apostels” noem. (2 Kor.11:13) Hy is in hierdie twee hoofstukke sarkasties. Hy noem hulle vertellings oor hulle geestelike lewe “grootpraat” en “roem” (11:12 en 16) Hy aap hulle geestelike nonsens na deur te wys ’n mens mag nie vertellings van jou eie geestelike lewe voorhou as ’n getuigenis oor God nie. Eers vertel hy sarkasties dat hy ook net soos hulle kan praat oor wie hy geestelik is. Net soos hulle kan hy vertel hoe bekeerd, vroom, opreg en toegewyd aan God hy is. (’n Hebreër, ’n Israeliet en afstammeling van Abraham) Dan vertel hy wat hy alles vir Jesus gedoen het: hy het harder vir Jesus gewerk, gely en swaargekry as hierdie bekeringspredikers. Hy het meer visioene van God as al hierdie bekeringspredikers gehad. (12:1-5) Paulus wys dat om so oor jou eie geestelike lewe te praat, soos hy dit sarkasties nagedoen het, is nonsens. Want jy hou jouself voor, wie jy is en wat jy doen: ek het bekeer, ek is wedergebore, ek is geesvervuld, ek het my aan die Here oorgegee. Hierdie selfvertellings is nie getuigenis of openbare belydenis van geloof nie. Dit is godsdienstige nonsens want daardeur word ’n ander Jesus verkondig as die Christus. (11:4) Hierdie ander Jesus wys jou jy moet net so geestelik wees soos hulle wat vir jou stories oor hulle geestelike lewe vertel. Getuigenis en belydenis is om te vertel wie is Christus en wat doen Hy. Preek op Google by ngkerkleuvubu.co.za ds. Petrus.

Donderdag

Hand. 2: 22-39; 2 Kor.11: 21- 12:4 en 9b; Rom. 8: 31-39 Die verskil tussen om te bely wie Christus is en wat Hy doen, en die geestelike vertellings van mense oor wie hulle is en wat hulle doen, gaan oor liefde. Ons belydenis oor Christus is ’n belydenis oor God se liefde vir ons, waarvan niks ons ooit weer kan skei nie. (Rom.8:38,39) Ons vertrou deur sy lyding vir ons sonde, verheerlik God ons as sy kinders; Ons vertrou deur sy kruisiging is Hy vervloek sodat God ons altyd net seën; Ons vertrou dat deur sy sterwe Hy ons straf gekry het sodat ons altyd beloon word vir sy goeie lewe; Ons vertrou dat deur sy verwerping God ons vir altyd in sy liefde aangeneem het; deur sy opstanding is Hy in ons plek vir ons wie ons nooit self meer vir God hoef te wees nie. Wie Christus is en wat Hy vir en met ons doen, is die werklike liefde van God vir ons wat ons openbaar bely. Die liefdesverklarings wat bekeringspredikers mense teenoor God laat aflê, is ’n skuldstrik. Hulle wil met hulle vertellings oor hulself jou in die skuldstrik vasvang dat jy jou eie liefdesdade en oorgawes vir God openlik moet verklaar as die persoonlike verbintenis tussen jou en God. So moet jy dan ’n liefde vir God voorleef en voorhou wat nooit werklike liefde is nie. (1 Joh.4:10) Jy moet dan openlik verklaar hoe eg, opreg, en volledig jou bekering, jou oorgawe, jou gebede, jou geesvervuldheid, jou liefde vir God is, terwyl jy self weet jy het God nie so lief soos jy sê nie. Maar dit mag jy nie meer sê nie. Dit is die diepte van hierdie skuldstrik: jy moet ’n liefde met God voorhou en voorleef wat jy weet nie werklik is

nie, omdat jy altyd openbare verklarings moet maak oor wie en jy is en wat jy vir God doen. Preek op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus.

Vrydag

Hand. 2: 22-39; 2 Kor.11: 21- 12:4 en 9b; Rom. 8: 31-39. Teks 2 Kor.12: 9b In Paulus se woorde klink 'n openbare geloofsbelydenis só: “Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.” Wie Christus is en wat Hy vir ons doen, is ons beskutting. Daarom hoef ons nie voor te gee wie ons nooit vir God kan wees of kan doen nie. Ons roem in ons swaakheid, nie ons geestelike krag nie: “Ek kan nie. Ek is te swak. Soos die Here eis ek Hom moet dien, eer, liefhê, hoe ek moet bid en bekeer, ek kan nie. Ek is te swak daarvoor.” Daarom kan ek ook nie verklarings en ondernemings aflê hoe het ek en gaan ek die Here liefhê nie. Ons getuig ook dat Christus ons beskutting is: “Hy is heilig in my plek en laat my deel in sy heiligheid sodat ek nooit myself moet heilig maak nie. Daarvoor is ek te swak; Hy is só my beskutting. Hy is reg vir God en het reg vir God geleef, en is in my plek gestraf as die onregverdige sodat ek vir God reg is in my eenheid met Christus. Om self reg te wees en te leef, daarvoor is ek te swak. My swaakheid is dat ek God nie regtig kan liefhê nie. Daarom is Hy my beskutting deurdat sy liefde vir God my toegereken word. Hy is my beskutting, alles wie Hy is en wat Hy doen, is myne. Ek is te swak, alles wat myne is, is Syne. Ek weet wie is Jesus Christus en wat het Hy gedoen. Ek vertrou Hy hou my in sy liefde vas.” Met hierdie geloofsbelydenis is ons vry van die skuldstrik wat geestelikes stel deur ons geloofsbelydenis te verander na ons verklaring van en roem in die krag van ons liefde, bekering en oorgawe. Preek manuskrip nou ook op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus